

Die Geskrewe
Woord van God
is Waarheid

Sola Scriptura

Andreas Carlstadt: *"We are bound to the Bible, and no one may decide after the thoughts of his own heart"*

Archbishop of Reggio *turned the Council against the Reformation by the following argument: "The Protestants claim to stand upon the written word only; they profess to hold the Scriptures alone as the standard of faith. They justify their revolt by the plea that the Church has apostatized from the written word and follows tradition. Now the Protestant's claim that they stand upon the written word alone is not true."*

"Their profession of holding the Scriptures alone as the standard of faith is false. Proof: *The written word explicitly enjoins the observance of the seventh day as the Sabbath. They do not observe the seventh day, but reject it. If they truly hold the Scriptures alone as the standard, they would be observing the seventh day as it is enjoined in the Scripture throughout.*"

Ons gaan na ons verhouding met die Woord van God kyk:

- 1. Vertrou ons die Skrif?**
- 2. Is ons tevrede met net die Skrif?**
- 3. Onderzoek ons die hele Skrif?**
- 4. Verstaan ons die Skrif?**
- 5. Onderwerp ons ons aan die Skrif?**
- 6. Gehoorsaam ons die Skrif?**

?

Vertrauens die Skrif

?

Ek weet dit sou soveel makliker gewees het as ons maar net die oorspronklike gehad het, maar ons het nie.

Ons gaan ook nie hier probeer om die egtheid van wat in die Woord van God opgeteken is, te bewys nie – hierdie is egter die verklaring van ons vertrouwe in die Geskrewe Woord wat ons het as Waarheid, Standaard en Riglyn waardeur ons almal tot dieselfde Waarheid kan kom. As ons nie dit wat ons lees ten volle vertrou nie – hoe kan ons dit gehooraam?

**As ons nie een bron van Waarheid het nie,
is dit onmoontlik om een te wees in
Vertroue.**

**Dit is dus belangrik om die
naaste teks aan die
oorspronklike te vind en dit te
gebruik!!**

**In 'n taal wat jy gemaklik
verstaan.**

Dan kan jy dit mos vertrou!

**2 Sh'm 7:28 Nou, יהוה-God, U is God, U
boodskap is waarheid**

**Yog 17:17 Vader, sonder hulle af in U waarheid,
want U boodskap is die waarheid.**

Die Boodskap van die Koninkryk van God

Dit is die boodskap wat ons die voorreg het om in sy geheel te kan besit. Dit is van die begin af saamgestel (Tanakh), in Yeshua se leer bevestig (Evangelies) en prakties verwesenlik in die eerste gemeentes (NV Geskrifte).

Dit is die Woord van God wat ons het.

Mense vra dikwels: ‘Maar is die “Bybel” wat ons het nie deur mense saamgestel nie?’

Hierdie argument word snaaks genoeg net vir die Nuwe Verbond gebruik deur hulle wat net die “Tanakh” as vanaf God wil aanvaar.

Kan ek vra: Hoe dink jy is die Tanakh saamgestel?

**Op presies dieselfde manier en metode:
Deur mense!**

Teen die jaar 300 v Y (op die allerlaaste) is al die Tanakh boeke geskryf, bymekaargemaak en erken as deur God gegee - 24 boeke wat die ganse 39 huidige boeke bevat. Baie glo dat Ezra die eerste samestelling gelei het reeds in die 5de eeu voor Yeshua.

Josephus (a.d. 95), 2 Esdras 14 (a.d. 100) en Leringshuis v Jamnia (a.d. 70-100) aanvaar almal daardie kanon van die Tanakh soos ons dit het. Yeshua (**Luke 11:51**) noem die moord van die profete vanaf Hevel (**Genesis 4**) tot by Z'kharyah (**2 Kronieke 24**) – Die eerste tot die laaste boeke in die kanon. Hy wil sê – in die hele Skrif wat tot nou toe bestaan – en Hy sluit nie die Apokriewe boeke daarby in nie.

170nY saamgestelde lys in 'n 7de eeu dokument



The Muratorian Fragment

Die ganse Kanon soos ons dit het van die NV word met klein verskil (3Yog) genoem.

Vanaf 367 nY is die NV boeke as kanon aanvaar in die gemeentes – lank voor enige “Council” dit amptelik gedoen het. In 397 is dit deur die derde “Council of Carthage” bevestig.

22 van hierdie boeke van die Peshitta - minus 2 Kefa, 2 en 3 Yoganan, Y’hudah en Openbaring, is ook deur die Oosterse Siriese Kerk as kanon aanvaar (Die Khabouris van 165 nY bestaan reeds daaruit) en al 27 boeke is deur die Westerse Siriese Kerk in die 6 de eeu aanvaar.

Die Skrif is nie ’n goedgekeurde samestelling van boeke nie, maar ’n samestelling van reeds goedgekeurde boeke. Hulle is nie van God omdat die ‘Council’ so besluit het nie, maar is gekies omdat hulle van God gegee is.

God het die Skrif saamgestel en nie ’n groep mense nie. Dit is vir my ’n basis waarop ons Sy Woord kan aanvaar en leer en gebruik. Die Kerk het maar net erken wat God reeds saamgestel het.

In 1902 het Dr. W. H. Green dit so gestel: "No formal declaration of their canonicity was needed to give them (the books of the Bible) sanction. They were from the first not only eagerly read by the devout but believed to be Divinely obligatory....Each individual book of an acknowledged prophet of Yahweh, or of anyone accredited as inspired by Him to make known His will, was accepted as the Word of God immediately upon its appearance...."

Geen Apokriewe boek kan gevind word in enige lys van die eerste 4 eeue nie en is eers in 1596 deur die Roomse Kerk aanvaar om sy posisie te probeer versterk teen Luther.

Die feit dat die boodskap deurlopend is en van begin tot einde bevestig en verbreed word en geen weerspreking in die oorspronklike en die korrekte vertalings bestaan nie, is omdat die Lewende Skepper-God Sy boodskap deur die mens saamgestel het. Hy is instaat om dit volgens Sy wil te laat saamstel.

As ons dit nie glo nie kan ons niks van die Woord van God aanvaar nie. Dan het ons geen standaard en geen vastigheid nie. Ons hoop om dit vas te maak.

Kom ons kyk hoe Yeshua na hierdie Skrifte gekyk het (Die Tanakh, wat toe reeds saamgestel was deur mense) en pas dan ook dieselfde toe op die ganse Skrif.

Yeshua het niks wat belangrik is nagelaat nie – ek vind geen plek waar Hy net effens die mense waarsku oor die Woord wat deur mense saamgestel is of verklaar dat hulle sekere dele moet uithaal nie! Nee – ons sien Hy haal aan uit die ganse Skrif in verskillende omstandighede.

Hy haal drie maal uit Deuteronomium aan wanneer Hy in die wildernis versoek word. “Daar is geskrywe” – so oorwin Hy die satan se versoekings.

Hy haal aan uit die Skrif wanneer Sy teëstanders argumenteer oor egskeiding en oor die Shabbat se korrekte gebruik en antwoord hulle – “julle dwaal, want julle ken nie die Skrifte nie.”

Hy haal die Skrifte aan om gelowiges te versterk en om Homself te openbaar op die pad na Amma’us en toe hulle moedeloos en verslae was, het Hy hoop gegee vir die lewe. Hy het begin by Moshe en toe die profete uitgelê om te wys wie Hy is.

Die Skrif het Sy eie lewe gerig: in Natzret gepreek om die Skrif te vervul ; verloën sodat die Skrif vervul word ; doodgemaak soos die Skrifte voorspel het, aan ’n vloekhout opgelig en terwyl Hy sterf kwoteer Hy uit **Ps 31 en 22.**

**Hy het die Woord van God
ten volle vertrou ; Hy het
die Woord ten volle
gehoorsaam.**

Yeshua haal uit elke deel van die Skrif aan. In 179 verse van Sy eie lering haal Yeshua Skrif aan. Ongeveer 10% van Sy opgetekende leringe kom uit die Tanakh.

Hy haal al die gedeeltes aan waarvoor mense vandag teorieë opbou om dit teë te staan. **Genesis 2 – “Hy het hulle man en vrou gemaak” ; Abel se moord, Noag se vloed, Lot en sy vrou, Moshe en die brandende bos en die slang wat hy oplig in die woestyn ; Yonah in die vis ; Na’aman gereinig van melaatsheid ; Eliyahu en die weduwee ; die koningin van die Suide wat na Shlomo gaan ; Hy haal 5 profete by die naam aan en kwoteer uit al die afdelings van Yesha’yahu as “Yesha’yahu het gesê” terwyl teoloë vandag wil stry watter dele is deur Yesha’yahu geskryf. Hy haal 8 Psalms aan.**

Sy leringe is vol van Skrif.

Yeshua noem die Skrif “die opdragte van God.”

Hy verwys na hulle as “die Woord van God.”

Hy haal aan uit ‘n Psalm en sê: “Dawid het in die Gees gesê”

Mat 22:41-45.

Hy vergelyk die duur van die Skrif met die aarde en die hemel.

“ Dit is makliker vir....

Vir Yeshua kan die Skrif nie verbreek word nie en moet alles daarin waar word: **Yog 10:35**

Yeshua sê die Skrif is waar: **Yog 17:17**

Hy antwoord alle argumente vanuit die Skrif: **Yog 10:34,35 ;**

Mat 22:31,32

As die Skrif gebaseer was op mites en valshede, sou Yeshua hulle gewaarsku het. Hy het eenmaal gesê: “As dit nie so was nie, sou Ek julle gesê het.” **Yog 14:2. Hy het hulle gewaarsku teen die vals leringe van die Fariseërs.**

Die probleem is nie intellektueel nie, maar moreel. Is ons bereid om gehoorsaam te wees aan Vader?

Daar is ook geen verskil tussen Yeshua se gesindheid teenoor en gebruik van die Skrif en die Afgevaardigdes s'n nie.

Net soos Yoganan die dooper in die wildernis voorberei is vir sy lering om die pad vir die Gesalfde Een voor te berei, net so is Sha'ul in die wildernis voorberei vir sy toepassingsleer.

Sha'ul verklaar in **2 Tim 3:14** “Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het **15** en omdat jy van kindsbeen af **die afgesonderde Geskifte** geleer is wat jou **wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 16** Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid **17** sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.”

2 Kefa 1:21 “want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens gebring nie, maar wanneer deur die Gees van Afsondering beweeg, het die afgesonderde mense van God gepraat.”

Hierdie gesindheid oor die Skrif het hulle by Yeshua gesien en geleer.

Net so het al die skrywers van die Nuwe-Verbond Skrifte dieselfde gesindeid as Yeshua gehad. Hulle haal aan uit elke deel van die Tanakh. Net die boek van Ester word nêrens aangehaal nie. In Hebreërs, waar David en Yesha'yahu aangehaal word, word gesê: “God het gesê” of “die Gees van Afsondering sê.”

Sha'ul bely dat hy alles vertrou en navolg wat in die Wet en die Profete geskryf staan - **Hand 24:14**. Kefa verklaar dat sy 'broer' Sha'ul se woorde op dieselfde vlak as die woorde van die Skrifte (Tanakh) aanvaar word - **2 Kefa 3:16**.

As jy dus vir Yeshua of Sy studentevolgelinge en Afgevaardigdes sou vra, sou hulle verklaar dat die ganse Skrif, soos ons dit het, deur God ingegee is.

Dit beteken dus dat Vader op 'n spesiale manier deur mense Sy Woord op skrif vir ons gegee het en dit so bewaar het. Dit is steeds God se Woord.

Jy mag dalk sê: “Dit is menslik om foute te maak. As die mens betrokke is, sal daar sonde en foute in wees.” Met ander woorde – die Magtige Skepper-God het nie die vermoë om Sy perfekte wil deur die mens te laat neerskryf nie? Is dit dan onmoontlik by God? Hy kan die heelal skep en ‘n man uit die dood uit laat opstaan, maar nie ‘n man in Sy Voorsienigheid voorberei om Sy wil neer te skryf nie? In **Open 10:4** terwyl Yoganan skryf, stop God hom en verklaar: “moet dit nie neerskryf nie.” God staan die mens by terwyl hy met sy eie kennis, persoonlikheid en ervaring skryf. Nie een van die skrywers se style is dieselfde nie. Hy het hulle toegelaat om gebeure in hulle eie woorde te skryf en die fondasie van Sy liggaam suiwer gehou deur te verhoed dat hulle valshede skryf. Dit kom uit ‘n verhouding wat hulle met Vader het. Alle dele sê presies wat God wou sê.

Is daar foute?

Daar is 'n verskil tussen moeilik verstaanbare dinge en foute. Dit wat die mens in die Skrif nie altyd kan begryp nie, wil hy foute noem.

Daar is egter foute in die vertalings wat met teologiese en lerings doelstelings gemaak is.

Alles in God se skepping was bo-natuurlik.

Hy het Sy asem in die mens geblaas en daar was lewe. Lewe vanuit die Gees van God.

Wanneer ons die Woord vertrou, sal ons tyd daarmee deurbring, ons sal lief wees daarvoor.

Ps 1:2 – Kyk wat is ‘n gelukkige man – “maar sy vreugde is in die wet van יהוה” en hy deurdink Sy wet dag en nag.”

Y’ho 1:8 “Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê.”

Nie ons suiwer leerstellings of die geestelike boeke wat ons so graag lees nie, maar Sy Woord.

Is dit ons verhouding met die Woord?

Ons het opgehou vreugde vind in Sy Woord – somer net as ontspanning, maar ook as riglyn en leermeester – dit het ’n las geword.

Laat ons vashou in ons vertrouwe aan die Godgegewe Woord.

Ek weet daar is verkeerde vertalings, maar ten spyte daarvan het ek en jy ons Verlosser gevind deur Sy Woord en kon ons Sy standarde leer. Ons moet dit net leef.

?

Tevrede met
die Skrif

?

Luk 16:31 “Avraham sê vir hom: ‘As hulle na Moshe en die Profete nie luister nie, sal hulle ook nie na hom luister nie, al sou iemand ook uit die dood uit opstaan.’”

Hierdie is ’n kragtige stelling. Hulle het die Skrifte om te weet hoe om reg te leef en om tot redding te kan kom deur Yeshua, wat oral in die Skrifte geleer word.

**Wat 'n voorreg het ons wat ook kan
luister na hulle wat gehoor het hoe Hy die
see stilmaak en gehelp het om Lazarus se
doodsbande los te draai. Ons moet luister
na hulle wat in alle waarheid deur die
Gees geskryf het wat God se wil is.**

**Sien jy Avraham se argument? God het
alles gesê wat Hy wou sodat ons in volheid
in Sy Koninkryk kan leef.**

Niks anders kan mense beter oortuig as die Skrifte nie. As hulle nie na die Skrif luister nie, sal hulle nie luister nie, maak nie saak hoe goed is jou argumente nie! Die ryk man wil iets bysit – die Woord is nie genoeg nie.

God dink anders.

Wat sê Yeshua:

Mat 5:17 “Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê, **18** want dit is waar wat Ek vir julle sê: ‘Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een ‘yud’ of een ‘strepie’ van die wet verbygaan voordat dit alles klaar gebeur het nie.’”

Stem die Tanakh en Nuwe Verbond ooreen?:

Deut 4:2 - Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel.

Deut 12:32 - Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.

Spr 30:6 - Voeg niks by Sy woorde by nie sodat Hy jou nie tereg wys en jy as 'n leuenaar gevind word nie.

**Vandag verwag ons nie dat mense
deur die Skrif getrek word nie? Ons
het konserte nodig, drama, kostuums,
orkeste, bring die narre.....**

Dan sal die mense kom!

**Bring sterre en persoonlikhede om
hulle getuienisse te kom gee, dan sal
hulle glo.....**

**Avraham het egter geweet – net die
Boodskap alleen is wat lewe gee.**

**Die Rabbi's het bygevoeg om die
Wet te “beskerm.”**

**Die Pous het bygesit en weggevat
om sy leer te bevestig.**

**Die Pastoor en Dominee los dele
uit om nie mense te verloor nie.**

Is dit Vader se wil?

Alles behalwe die Woord alleen!

“We need Power-Evangelism.”

Die Woord plus informele vermaak.

Die Woord plus agtergrond musiek.

**Jy kies jou eie plus – skryf boeke oor
die plus wat die onvolledige “Bybel”
aanvul om mense in te bring.**

**Net soos die man in die hel wat
gedink het die Woord is nie genoeg
nie.**

Heb 1:1 Oor alle onderwerpe en op
allerhande maniere het God vroeër deur
die profete gepraat met ons vaders **2** en in
hierdie laaste dae het Hy met ons gepraat
deur Sy Seun, wat Hy as erfgenaam van
alles aangestel het.

Hy het in die Tanakh met ons gepraat en
praat steeds deur Sy Seun se lewe soos
opgeteken in die Nuwe Verbond.

Rom 10:17 Vertroue is daarom in
een wat luister en doen; een wat
luister en doen wat God sê.

**Daar is vertroue deur te lees en te
luister en te doen wat Hy sê.**

Sukkel jy in jou geestelike lewe?

Lees die Skrif.

God se Woord kan jou vat tot volle volwassenheid. Ten volle bekwaam vir alle goeie werk. **2 Tim. 3:16 “Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir ’n kursus in onpartydige opregtheid **17** sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.”**

**Hoe berei ons voor vir die taak waarvoor
ons geroep word? Hoe groei ons en oorwin
ons versoeking en ongeloof? Hoe word ons
volwasse manne en vroue? Hoe word ons
wys? Hoe word ons verander tot die beeld
van Yeshua?**

**Deur gehoorsaamheid aan die Woord van
God alleen**

**Dit is 'n bo-natuurlike gawe om die Skrif
te kan hê.**

**Die Roomse, Protestantse,
Charismatiese en Hebrew-roots,
Messiaanse, Torah-groepe is in 'n
hopelose toestand, verwarrend en
deurmekaar omdat daar na ander
leiding as net alleen die Woord van
God gekyk word.**

**Onthou die woorde van die man in
Sh'ol en die antwoord van Avraham:**

Hulle het die Skrifte – dit is genoeg!

**Die vraag wat jou konfronteer
vandag:**

**Is jy tevrede met Sy Woord, Sy
ganse Woord en niks anders as
Sy Woord?**

?

Ondersoek jy die Skrif

?

Yog 5:39 **Ondersoek die Skrifte, want
in hulle het julle 'n versekerde
verwagting dat julle die ewige lewe
het en hulle getuig van My,**

Eramus, John Huss, Wycliffe, William
Tyndale – almal mense wat begeer het
om die Woord van God in mense se eie
taal aan hulle te gee en martelare
geword het daarvoor.

Tyndale se antwoord aan 'n geleerde
wat hom verag het daaroor was:

'If God spare my life, ere many years I
will cause a boy that driveth the plough
shall know more of the Scripture than
thou doest'. Ten koste van sy lewe het
hy dit gedoen. Nou het jy die
geleentheid om dit te bestudeer – moet
dit nie verkwansel nie.

Daar is ongeveer 5103 onderskeibare tale in die wêreld en net meer as 225 het 'n verstaanbare vertaling van die Woord van God. 450 het 'n verstaanbare Nuwe Verbond. Vertaling is besig in 800 en nog 600 het 'n definitiewe behoefte. Meer as die helfte van die tale het geen vertaling – dit is ongeveer 150 miljoen mense.

**Die normale tyd vir die
vertaling van die ganse Woord
in 'n nuwe taal is ongeveer 15
jaar.**

**7 boeke van die Nuwe Verbond
in Tibetaans het 2 van ons
ongeveer 3 jaar geneem.**

Om die Woord van God te besit en die vryheid te hê om dit te bestudeer is 'n ongelooflike voorreg.

Ons moet met 'n diepe dors soek, ondersoek, ontleed en leer.

**Dit moet prioriteit wees in die
gelowige se lewe.**

**Dit is die aktiwiteit waarom ons
lewe draai.**

**Die Woorde wat uit die mond van
God kom, moet die belangrikste
deel en vreugde van jou lewe wees.**

Ons begeerte moet na die Woord van God wees en nie na 'n boek wat dit interpreteer nie.

Die Boodskap van die Skrif gee Lewe.

Die Skrif alleen gee die lewenswyse, reëls en standarde wat Yeshua verwag ons moet navolg – **1 Yog 2:6.**

“hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het.”

Kefa gee vir ons wonderlike raad:

1 Kefa 2.2 Verlang sterk, soos babas wat nog drink, na die suiwer en geestelike melk van die boodskap, waardeur julle sterk kan groei vir die lewe,

Die Woord openbaar die wil van God.

Die Koninkryk van God word daar openbaar.

Die Verlossingsplan van God in Yeshua word reg deur die Skrif vir ons duidelik gemaak.

Hier leer ek die rol van Yeshua, Sy Seun.

**Dit is die plek waar ek Vader leer
ken – verhouding met Hom
ontdek en dan persoonlik toepas.
Hier openbaar Hy die tweede
koms wanneer die Koninkryk
volkome oorgegee gaan word aan
die Vader om te heers.**

**Die Woord van God is een waarheid
in al sy dele. Ek het dit gevind en
begeer dat jy dit sien.**

**Die doel daarvan om die Skrifte te
bestudeer gaan nie oor die
hoeveelheid wat ons lees nie, maar om
die Vader te leer ken in Sy Woord.**

**Die wêreld en al sy magte probeer
daarteen werk in filosofie,
humanisme en sielkunde.**

**Sonder om dit te bestudeer, kan
ons nie op die waarheid staan teen
die aanvalle nie.**

Mal 3:16 Toe het hulle wat יהוה
vrees met mekaar gepraat en יהוה
het aandag gegee en gehoor en 'n
boek van herinnering is voor Hom
geskryf vir dié wat יהוה respektvol
vrees en Sy Karakter en Outoriteit
(Naam) hoog ag.

**Kinders van Vader moet oor Sy
Woord praat – dit is al wat vir ons
belangrik is – dit is wat ons Vader
tevrede stel – dit is vir ons dat dit
geskryf is.**

**Verwag ‘n wonderwerk van
openbaringe elke keer as jy Sy Woord
lees.**

?

Verstaan jy die Skrif

?

Psalm 119:34 Gee vir my insig en ek sal U wet hou, ja, ek sal dit nakom met my hele verstand, wil en emosie.

1 Kor 2:14 - Die natuurlike mens aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie, want dit is vir hom dwaasheid en hy kan dit nie verstaan nie omdat dit deur die gees onderskei word, **15** maar die geestelike mens beoordeel alle dinge, maar self word hy deur niemand beoordeel nie. **16** “Want wie het die gedagtes van יהוה geken dat hy Hom sou kon leer?”

Soveel keer hoor ons by mense:

“Ek verstaan nie die Bybel nie.”

Miskien het dit met die vertaling of taal te doen, maar ek dink dat die Gees altyd Sy Woord sal openbaar aan elkeen wat vra daarvoor en wat die Gees van God het.

Hy wat nie die Gees van God het nie, sal nooit die Woord van God, wat deur die Gees gegee is, verstaan nie.

Ons hét egter die gedagtes van Die Gesalfde Een deur Sy Woord.

Dit help sekerlik om sekere dinge te verstaan as ons die agtergrond en kultuur, selfs die taal, veral die idiome van die tyd ken, maar dit is ekstra.

Die Gees openbaar die Woord. Dit is nie ons tema nie so ek gaan net 'n paar feite noem.

Elke skrywe in die Skrif gaan gepaard met die omstandighede waarin dit geskryf is of van antwoorde wat op spesifieke vrae gegee word.

Daar is verskillende soorte literatuur in die 66 boeke van ons Skrif:

Geskiedenis, geslagsregisters, liefdesbriewe, profesie, digkuns, liedere, eindtyd voorspellings, waarskuwings, wysheidsliteratuur, briewe, vergelykende stories, ens.

Dit is egter nie hierdie literêre kennis wat Sha'ul van praat as hy skryf dat sommige dit nie kan verstaan nie – dit praat van die Gees wat dit verstaanbaar maak vir hulle wat die Gees van God het.

Daar is vir my 2 dinge wat belangrik is om te verstaan:

- 1. Die idiome teenoor direkte betekenis.**
- 2. Die verhouding tussen gedeeltes in die Skrif, maar spesifiek tussen die Tanakh en die Nuwe Verbond.**

Daar is 5 maniere waarop die 2 interaksie het:-

- 1. Die Nuwe Verbond maak die werklikheid en lering van die Tanakh vas en bevestig dit.**
- 2. Die Nuwe Verbond rond die Tanakh af.**
- 3. Die Nuwe Verbond is afhanklik van die Tanakh. Dinge wat reeds gegee is, word nie herhaal nie, maar neem aan dat dit bekend is.**
- 4. Die Nuwe Verbond bevestig die oordele en beloftes van die Tanakh.**
- 5. Die Tanakh kan slegs verstaan word in die volheid van die Nuwe Verbond en die Nuwe Verbond kan slegs verstaan word in die profetiese beloftes en agtergrond van die Tanakh.**

Psalm 119:14

Ek was verheug in die lewenswyse van U getuienisse; meer as in alle rykdom. **15** Ek het U instruksies oordink en is bekend met U lewenswyses. **16** Ek het U wet oordink sodat ek nie U boodskappe sal vergeet nie. **17** Antwoord U dienskneg sodat ek kan lewe en U boodskappe gehoorsaam. **18** Maak U my oë oop sodat ek wonderlike dinge vanuit U wet kan raaksien. **19** Ek is 'n besoeker by U; steek nie U opdragte vir my weg nie. **20** My lewe is stukkend van verlange na U oordele ten alle tye.

Kol 3:14 Saam met dit alles, trek die liefde aan wat die band tot volmaaktheid is **15** en die vrede van Die Gesalfde Een sal julle verstand, wil en emosie beheer, waartoe julle geroep is in een liggaam en wees dankbaar teenoor Die Gesalfde Een **16 sodat Sy boodskap ryklik in julle kan bly in wysheid. Leer en onderrig mekaar in die Psalms (gedigte met instrumentale musiek), in lofsange en in liedere van die Gees en sing in julle verstand, wil en emosie met dankbaarheid tot God.**

Daar word nie van ons verwag om ons eie oordeel aan ander oor te gee en net blindelings te volg nie, maar om mekaar te leer en te luister na leermeesters wat die gawe van God ontvang het deur elke woord te toets.

I Thess.5:19 Blus die Gees nie uit nie.

20 Verwerp nie profesieë nie. **21**

Ondersoek alle dinge en hou vas wat uitstekend is.

?

Onderwerp jy jou
aan die Skrif

?

Psalm 119:155 Verlossing is ver van die bose, want hulle soek nie U instellings nie.

Ons onderwerp ons aan verskillende leiding, outoriteit en redes vir ons keuses.

Die gewete:

Pinocchio gelowiges: "Always let your conscience be your guide."

Soos die Jehovah-getuie se gewete hom nie toelaat om bloed te skenk nie – die Rooms Katoliek om geboortebepערking te gebruik nie en ander wat weer alles toelaat. Hulle laat toe wat God se Woord verbied en verbied wat God nie verbied nie. **Mar 7:6-9**

Ons moet ons gewete skool aan die Skrif. Die sonhorlosie sal werk as die son skyn. As die maan op hom val sal hy wel 'n lesing gee, maar dit is nie reg nie, want dit is 'n sonhorlosie.

Wat ook al goed klink of lyk is nie noodwendig goed as dit nie Sy standaard is nie.

Ons is geskep om volgens God se wil te leef.

Die Kerk as riglyn:

Die Kerk-gelowige word maklik gelei deur die leer van sy denominasie sonder om dit ooit te toets aan die Woord.

Yeshua sê vir die Fariseërs dat hulle die Woord van God tot nul maak met hulle tradisies.

Hulle was godsdienstig ernstig.

Hoeveel “gelowiges” haal leringe van Rabbi’s aan wat nie glo in Yeshua nie? Vertrou en leef leringe van “geestelike leiers” se uitlatings en die gewoontes / leringe vd genootskap sonder om ooit een woord te toets?

**Die outoriteit van die kind van
God kom deur die Woord en die
Gees en sal nooit teen mekaar
praat of verskil nie.**

**Oor watter deel van my lewe het
die Woord outoriteit? My hele
lewe – elke deel daarvan .**

1. Die Woord van God is die enigste outoriteit vir wat ek glo en doen. As ek meer wil weet van God of Sy wil – dit is in die Woord. Sy beloftes, Sy waarskuwings, Sy straf, Sy planne, Sy dade, Sy standarde, die eindtyd – alles net in Sy Woord.

**Laat ons versigtig wees om nie
rondgeslinger te word deur elke
leer wat mooi klink nie en ook nie
vasstaan op leringe wat nie die
toets van die Skrif kan deurstaan
nie.**

Die Woord van God het die reg om ons te korrigeer en te rig. Dit gaan nie oor “wat ek geleer is as kind” of my ervaring, of idees wat emosioneel baie vir my beteken nie. Dit kan nie my standaard wees van wat ek glo en my toekoms opbou nie.

“Wat het God gesê,” is al wat belangrik moet wees.

**2. Die Woord het dieselfde outoriteit
oor my etiek en daaglikse optrede.**

Wat vra God van my?

Gehoorsaamheid aan Sy wil.

Waar kry ek dit? In Sy Woord.

**Dit is die enigste etiese kode en ons
het geen reg om daarvan af te wyk of
dit te verander nie.**

Dit is finaal.

**Mense weet nie wat om te doen in
'n situasie nie. Dit is nie onkunde
nie, maar meestal
ongehoorsaamheid. Die etiese
lewensstandaarde is van die
duidelikste Skrifte in Sy Woord.**

**Is dit nie 'n teken van
volwassenheid as ons aandag gee
aan die kleinste deel van die
Woord en versigtig is om dit
getrou na te kom nie?**

**Getrou aan die geringste dra 'n
belofte. Dit is daar waar ons
dikwels die stryd verloor.**

**Die nakom van 'n belofte – die
vinnige reaksie op nood,
spoedbeperkings. Dit lyk so nietig
– tog volgens Sy standaard.**

**Dit is waar ons gehoorsaamheid
getoets word.**

Deut 6:3 O, Yisra'el, jy moet
luister **en wees versigtig om dit te
doen** sodat dit met jou goed mag
gaan en dat julle baie kan
vermenigvuldig soos יהוה, die God
van jou vaders, jou beloof het, in
'n land wat vloei met melk en
heuning

Deut 6:25 Dit sal onpartydige
opregtheid vir ons wees, as ons
versigtig is om al hierdie
opdragte te hou voor die
Teenwoordigheid van יהוה, ons
God, net soos Hy ons beveel
het.

3. Die Woord van God beheer hoe ons tot God nader.

Nie die aantreklikste, die treffendste, die wonderlikste vir die vreemdeling wat die eerste keer kom nie, maar wat is die Bybels-korrekte manier.

As jy dink dit is te vervelig, loop jy op dun ys. Ons probeer hoe lank al beter weet as God. Die enigste vraag is: Hoe wil God genader word? Wat gee Hom die meeste plesier? Dit is al wat van belang is.

Yesha'yahu 1:12 As julle kom om voor My Teenwoordigheid te verskyn, wie vereis dit van julle, hierdie vertrapping van My voorhowe? 13 Moenie langer julle waardelose offergawes bring nie; wierook is 'n gruwel vir My. Nuwemaan en Shabbat, die uitroep van byeenkomste; **Ek kan nie oortredinge saam met die ernstige byeenkomste verdra nie!**

Die mense was godsdienstig en het gedoen wat God in die wet vereis, maar saam met sonde en hulle eie wil. Dit is vir Vader onaanvaarbaar om Hom so te nader. Nie soos ons wil nie.

**Kom ons kyk wat was belangrik vir die
Kerk in Handeling:**

Hand 2:42 Hulle het aangehou in die leer van die afgevaardigdes en is deelgenote gemaak in gebed en in die breking van die brood, as Liggaam. **43** Vrees en respek het op elkeen gekom en baie tekens en wonderwerke het deur die hand van die afgevaardigdes gebeur in Yerushalayim. **44** Almal wat vertrou het, was soos een en het alles gemeenskaplik besit

Gebed speel 'n groot rol in aanbidding. **1 Tim 2:1&8** Ek vra daarom eerste van alles dat versoeke, gebede, intredes en dankgebede gedoen moet word vir alle mense; **8** Ek wil daarom hê dat die mans op elke plek moet bid en afgesonderde, rein hande ophig sonder woede en komplotte.

Sha'ul roep hulle op om die Woord te verkondig op baie plekke **2 Tim.4:2** verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering,

Sha'ul roep hulle op om die Woord te verkondig op baie plekke **2 Tim.4:2** verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering,

Dit klink of die belangrike deel die Woord en gebed was en nie sang en musiek nie. Dit word wel genoem **Efe 5:19**. Daar is ook 'n geleentheid waar dit genoem word dat hulle sing toe hulle in die tronk was in Filippi -

Hand 16:25.

Ek dink nie daar is baie klem op die musiek as aanbidding nie, maar dit word nie geïgnoreer nie.

Die Woord is die basis van aanbidding.

**Die Skrif is ook ons outoriteit vir
Byeenkomste. (Fellowship)**

**Na die uitstorting van die Gees het hulle
hul toegespits op die Apostels se leer en
fellowship. Hand 2:42.**

**As ons bymekaarkom bestudeer en
ondersoek ons die Skrif – ons trek dit nie
uitmekaar en probeer foute vind nie. Ons
laat toe dat die Skrif homself interpreteer
– nie opinies nie.**

Sonder Waarheid en Vertroue kan daar geen 'fellowship' wees nie. As elkeen nie die Woord se outoriteit aanvaar nie, kan daar nie eenheid wees nie.

Sonder die Woord kan ons nie groei nie en sonder die leer van die Woord kan ons nie eenheid of fellowship hê nie. Dit is waarom ons hulle wat deur God aangestel is as leraars, nodig het.

Die Woord van God moet ook die emosies van die gelowige beheer.

Die vrugte van die Gees in Gal 5:22 sluit vrede en vreugde in . Sha'ul sê in Fil 4:11 hy is tevrede met wat hy het (contentment). Dit is die Bybelse norm vir persoonlikheid: vol vreugde, blydschap, innerlike vrede en tevredenheid (vergenoegdheid).

**Hierdie dinge is nie opsioneel nie,
maar 'n moet vir die
Geesvervulde, vrugdraende kind
van God.**

**Mat 6:25-34 – Moenie bekommerd
wees nie – Vertroue weet dat
Vader weet wat jy nodig het – Hy
sal sorg. Bekommernis is die
teenoorgestelde van vertroue.**

God se Woord praat teen depressie. Hoe kan die kind van God wat in Sy Gees leef en Hom vertrou, depressief wees? Hy moet in beheer wees, dan verdwyn alle negatiewe emosies. Vertroue kom net deur die Woord en Gees van God. Hoe kan ek ineentort by elke klein dingetjie wat teen my wil gaan as Sy wil vir my die belangrikste is.

Laat Sy Gees jou emosies oorneem.

**Ken die wil van God – Sit aan Sy
voete en leer uit Sy Woord, by die
braambos wat jou louter en laat
Hy met jou praat, jou uitdaag, jou
oplig en aanpor tot groot hoogtes –
EN DOEN DAN WAT HY Sê.**

?

Gehoorsaam jy die
Skrif

?

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

*Sh'ma Yisra'el Yahuah Eloheinu
Yahuah eghad.*

**Hoor, Luister en Doen Yisra'el,
יהוה is ons God; יהוה is een**

Mat 4:4

Hy antwoord egter: “Daar is
geskrywe: ‘’n Mens **leef** nie van
brood alleen nie, **maar van elke**
Woord wat uit die mond van God
kom’.”

Mat 5:19

Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar **elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel,**

Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: ‘My Meester, my Meester,’ sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar **hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.**

Die Lewende Skepper-God het aan ons Sy handboek gegee om ons te leer, ons te versterk en ons te motiveer.

Eerstens vertel dit ons wie God is, wat Hy doen en gaan doen. Dit openbaar God se Karakter, voornemens en planne.

Tweedens vertel dit ons wat ons moet doen om God tevrede te stel en wat om te vermy.

Meer as enige iets anders, is dit Vader se omgee en bemoeienis met Sy kinders, van die begin af, waardeur ons Hom leer ken en daarna is dit Sy instruksies, standaarde en reëls.

Ya'a 2:8 As julle die geskrewe wet van God hierin uitvoer soos dit geskryf is: jy moet jou naaste liefhê soos jouself, dan doen julle goed, Na die opsomming gee hy spesifieke dinge om te vermy:

:9 moenie partydig wees nie

:11 moord en egbreek

**Vir die kind van God is Sy wette
nie moeilik of sleg nie.**

Rom 7:12 Die geskrewe wet is
daarom afgesonderd en die
opdragte is afgesonderd, regverdig
en goed.

**Hy wat nie luister om te gehoorsaam
nie, is vals en 'n voordoenner. Hy is
slegs daar om gesien te word of goed
te voel, maar nie om sy hemelse Vader
tevrede te stel nie. Sulke godsdiens is
verwerplik vir Vader.**

**God bou verhouding met Sy kinders
deur Sy Woord en Sy kinders reageer
deur gehoorsaamheid aan die Woord.**

**Van die begin af, deur Avraham,
reg deur tot die Nuwe Verbond
van Yir 31, is die verbond: Ek sal
vir jou 'n God wees en jy moet vir
My 'n volk wees. = Ek sorg vir jou
en stel die standaard en jy kom
die standaard na.**

Hoeveel mense sê: “Ek is lief vir God?”

Yog 14:21 Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” **22** Y’hudah, nie die een van K’riot nie, vra vir Hom: “My Meester, hoe is dit dat U Uself aan ons sal openbaar en nie aan die wêreld nie?” **23** Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. **24** Hy wat My nie liefhet nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het.

**Dit is eenvoudig – jy het Hom nie
lief as jy nie Sy opdragte uitvoer
nie.**

**Nie soos en wanneer jy wil nie,
maar volgens die Vader.**

**As Hy Meester is van ons lewens,
sal dit wys in ons gehoorsaamheid.**

Luk 6:46 Hoekom noem julle My:
'My Meester, my Meester,' en doen
nie wat Ek sê nie?

Matt. 7:24 Elkeen wat daarom na
hierdie boodskappe van My luister en
dit doen, sal vergelyk word met 'n
wyse man wat sy huis op 'n soliede
rots bou

**Die Gees van God word gegee aan
hulle wat Hom vertrou**

Hand 5:32 en ons, asook die Gees
van Afsondering wat God gegee
het aan die wat in Hom vertrou, is
Sy getuies van hierdie dinge.”

**God het Sy Woord gegee, wat Sy
Waarheid bevat sodat ons Sy wil
kan DOEN en daardeur kan leef.**

**Sy Woord is ons enigste
standaard.**

Wat is jou standaard?

**Kan mense Sy Woord lees in jou
optrede?**

**Reflekteer jy deur woord en daad
wat jy hierdie week gelees het?**

Kom ons wys ons liefde!